



Oompie en *Die Reël*

Ek is daarvan oortuig dat daar êrens 'n skool is waarnatoe enigeen wat by die ontvangs van enige mediese praktisyn wil werk, moet gaan vir opleiding. Dit moet 'n goeie skool wees, want die lesse wat daar geleer word, steek lewenslank vas. Daar is net twee vakke by daardie skool: *Die Verkleiningsvorm* en *Die Reël*.

Teken in op blitspos
Stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Ontvangspersoneel word in *Die Verkleiningsvorm* geleer om so dikwels moontlik verkleinwoordjies te gebruik wanneer hulle met lede van die publiek te doen het. 'n Gesprek soos die volgende sal naby aan volpunte verdien: *Welkom, Mevroutjie! Sal Mevroutjie asseblief vir ons hierdie vormpie voltooi en kan ek die mediesefondskaartjie kry om 'n fotostaatjie te maak? Ek sien Mevroutjie het 'n blaasprobleempie: Sal u tog vir ons hierdie botteltjie gaan volmaak? Die plekkie is net daar om die hoek. Onthou tog om 'n afspraakie te maak as u Dokter klaar gesien het en om die betalinkie daar in die kantoortjie te gaan doen.*

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die gretige studente word ook aangemoedig om die gebruik van verkleinwoordjies te intensiveer direk ekwivalent aan die persoon se ouderdom. Ek het nou al vrede daarmee gemaak dat ek *Oompie* is. Ek sien reikhalssend daarna uit om opgegradeer te word na *My Oompietjie*.

Indien u nie weer blitspos wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Die Reël is ook 'n onontbeerlike deel van die ontvangspersoneel se arsenaal van kundigheid. So het ek my nou die dag weer vasgeloop in *Die Reël*. 'n Oogkundige het tydens 'n oogtoets opgemerk dat ek 'n vergroeiisel op die onderste lid van my linkeroog het. Hy het my verwys na 'n oogspesialis om dit te verwyder. Toe ek 'n afspraak wou maak, vra die ontvangsdame of ek die spesialis al vantevore gesien het. Ek antwoord dat ek vermoed dat ek hom lank terug gesien het, maar ek is nie seker nie. In dié geval, beduie sy my, moet ek na die spesialis se ander kamers gaan. *Hoekom?* vra ek. *Dis Die Reël*, kom die antwoord. So kry ek eers oor ses weke 'n afspraak by die ander kamers. Nou begin die vergroeiisel op my ooglid met my kop smokkel. Dit lyk of dit elke dag nog 'n stukkie groter word en dit voel of mense net die vergroeiisel raaksien as hulle met my praat. Maar ek is rustig. Ek het my afspraakie.

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Die dag voor ek die dokter sien, bel die ontvangsdame. Hulle moet ongelukkig my afspraakie kanselleer, want hulle kon nie 'n lêertjie vir my opspoor nie. *Wat maak dit saak?* vra ek. *Dis Die Reël. U kan oor twee wekies 'n afspraakie kry by die ander praktyk.* Ek is glad nie beïndruk nie. Ek wag nou lank vir hierdie afspraak. *Wat is Die Reël wat maak dat ek nie my afspraak kan nakom nie?* vra ek. Die Reël, moet ek leer, is dat die dokter 'n kwota het vir nuwe pasiënte en ek oorskry nou daardie dag se kwota. Hoe meer ek beduie dat dit nie sin maak nie, hoe meer hoor ek *Jammer, dis Die Reël*. Drie oproepe later, vol skaamtelose gesoebat afgewissel met geïrriteerde gedreig, hoor ek: *Kom maar vir jou afspraakie, maar weet net: Dis op jou eie risiko!*

Toe ek uiteindelik by die dokter self uitkom, was hy baie gaaf en uiters professioneel. My prosedurettjie is geskeduleer vir volgende Donderdag.

Nou wonder ek: As mense van buite met die kerk te doen kry, hoeveel keer loop hulle hulle nie ook vas in die kerk se stel van *Die Reëls* nie?

Lief en leed

- **Ds BF (Berend) Greyling** (60) van Grootfontein/Tsumeb ontvang steeds chemoterapie. Hy het nog nie chirurgie ondergaan (soos in verlede week se nuusbrief berig is) nie. Ons bid ds Greyling en sy vrou, Leonie, sterkte toe in hierdie moeilike tyd.
- **Ds Anton Swanepoel** (emeritus) het geval en erge gesigfracture en ander beserings opgedoen. Hy is tans in die hoërsorgeenheid van Groenkloof-hospitaal. Ons bid hom spoedige beterskap toe.
- **Dr Bessie Gericke**, vrou van prof John Gericke (emeritus/Setlaars), ondervind tans ernstige gesondheidsprobleme. Ons bid haar algehele herstel toe.
- **Die volgende predikante verjaar tot 26 Julie, en word hartlik geluk gewens:**

- o Saterdag 20 Julie: Ds MM (Mari) du Plessis-Manders (Bethal)
- o Sondag 21 Julie: Di JA (Hannes) Jansen van Rensburg (Brakpan-Harmonie) en AJ (Adam) Zwarts (emeritus)
- o Dinsdag 23 Julie: Ds J (Juanita) du Preez (Pierneef)
- o Woensdag 24 Julie: Ds PJHS (Henk) Pienaar (Bosmansrust)
- o Vrydag 26 Julie: Di A (André) Oberholzer (Witbank-Noord), PJ (Pieter) Steenkamp (Dora Theo Gemeente Kimberley) en LJ (Louis) Steyn (emeritus)

Gemeentes en bediening

- **Prop AS (Armandt) Botha** (beroepafwagting) het die beroep na Groeneweide (deeltyds) aanvaar.
- **Ds Peet Swanepoel** en sy vrou, Daleen, is op Sondag 14 Julie in **Gemeente Nkana** in die noorde van Zambië deur prof Bieks Beukes bevestig as voltydse predikant van hierdie unieke gemeente. Die bevestiging was die laaste in 'n week lange proses waar die egpaar by al vyf eredienspunte in die gemeente ontvang en bevestig is, naamlik in Mkushi, Mpongwe, Kalumbila, Solwezi en Kitwe, waar die pastorie ook geleë is. Ds Swanepoel is die vierde voltydse leraar in die gemeente sedert gemeentestigting in Februarie 1998. Die afgelope twee jaar is die gemeente op 'n deeltydse basis tien dae per maand deur prof Beukes bedien, en die gemeente het gedurende sy besoek in Junie ook by al die erediensplekke van hom afskeid geneem. Daar is groot waardering vir die werk wat hy gedoen het. Die lidmate van die gemeente is opgewonde om weer 'n voltydse herderspaar te kan ontvang, want dit beteken dat die bedieningsplan van die gemeente nou aangepas sal word sodat daar meer as net een maal per maand by elke erediensplek 'n diens gehou kan word. **Op die foto** is van links na regs: Ds Eksteen Botes wat namens die Kommissie van die AKV en die ring van Lydenburg die geleentheid bygewoon het, prof Bieks Beukes, ds Peet Swanepoel en mev Daleen Swanepoel.
- **Gemeente Mafeking** vier hul **90ste bestaansjaar** in Julie. Vorige predikante en lidmate of enige belangstellendes wat graag die verrigtinge wil bywoon op Sondag 28 Julie vanaf 09:00, kan in verbinding tree met dr Annelie Botha by 082 650 3494 of abothaster@gmail.com.



Ds Anton Swanepoel



Dr Bessie Gericke



Prop Armandt Botha



- Die **Moderamen** voer op 26 Julie weer gesprek met die Moderamen van die **Maranatha Reformed Church of Christ**. Dit is vir die NHKA belangrik om ons historiese band met die MRCC in stand te hou. Die Moderamen versoek gemeentes en ringskommissies wat gereeld kontak hou en met die plaaslike gemeente van die MRCC saamwerk, om **teen Maandag 22 Julie** meer besonderhede oor hierdie kontak aan die kantoor van die Kommissie te stuur by wyse van 'n e-pos gerig aan **karen@nhk.co.za**.
- Die **SP Engelbrecht-museum** se Facebookblad het op 8 Julie met 'n aftelling na die AKV toe begin. Elke dag word 'n foto en historiese nuusbrokkie oor ons AKV's geplaas. Kom loer gerus in.

Vergaderings

- Donderdag 18 Julie: Rata Bestuur
- Dinsdag 23 Julie: Beleggingskomitee
- Donderdag 25 Julie: Redaksie van *Die Hervormer*
- Vrydag 26 Julie: Moderamen

Studentesake

- **Matrikulante en enige ander belangstellendes** wat graag predikante in die Hervormde Kerk wil word en in **2020 Teologie aan die Universiteit van Pretoria** wil studeer, is welkom om nou aansoek te doen om as student van die Kerk te studeer. Die evaluasiegesprekke sal in die laaste week van Julie plaasvind. Aansoeke moet die Kuratorium asseblief **nie later nie as 26 Julie** bereik. Aansoekvorms kan aangevra word van ds Carusta van der Merwe (**cvdm@up.ac.za**).

'n Gedig

Tyding

Ons jaag sonder meer die nag in
 en die teerpad het strepe en tekens
 en brûe oor spruite en riviere
 en 'n dorp hier en daar en daarso.
 As ons stilhou, is alles stil.
 Ligte skakel in hospitaalkamers
 een vir een af. Een weer aan.
 Iemand bring vir my na die motor
 iets om te drink en ek weet
 hy is dood. Ons ry seer terug
 en sterre bly saamreis as ek opkyk.

Johann Lodewyk Marais

(Uit: *PalimpSES*, 1987)

Kerklieke publikasies

- Daar is verskeie **Standaardbybels (swart, hardeband) in inheemse tale** teen R130 elk (versending uitgesluit) by die boekwinkel in Derdepoort beskikbaar: Isixhosa 1975; Isindebele 2012; Xitsonga 1989; Shona 1949; Tshivenda 1998; Suid-Sotho 1909; Xhosa 1975; Swati 1996; en Sesotho 1989. Bestel by mev Sarie Roux, 012 322 8885 x3025 of **sentik@nhk.co.za**.

- **Bybelse Dagboek / Almanak 2019**
 Nou net R100 (versending uitgesluit)
 Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk
 én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag
 Bestel by **sentik@nhk.co.za**



- In die **Herfs-uitgawe** van die **NHSV se Vroueflitse** lees ons die eerste van 'n reeks artikels oor trauma. *Trauma – die oorbekende, onbekende vyand...* is geskryf deur ds Annerie Conradie, 'n traumaberader van ons Kerk, en sy gaan met ons 'n reeks traumas behandel wat spesifiek vroue raak. Kom lees ook die artikel *Sorg vir jou liggaam, sodat jou liggaam vir jou kan sorg*, geskryf deur Mari-lizé Beukes, wat handel oor die bekende internasionale *Beweg vir Gesondheidsdag* wat elkeen aanspoor om gesond te leef in elke faset van jou lewe! Volg die skakel <https://nhsv.org.za/publikasies/>.



Toerusting

- Sentrum vir Kontekstuele Bediening, UP**
Premierkursus oor brugbediening
Week 1: 29 Julie – 2 Augustus
Week 2: 4-7 November
 Kursusleier prof Malan Nel, 70 kursuspunte
 Koste R2 200 (BTW ingesluit)
 Kontak Hesmarie Bosman by 012 420 4952
Hesmarie.Bosman@up.ac.za
- Gemeente Swartkop: Toerusting vir Vrouedag**
Saterdag 3 Augustus 09:00-12:00
 Hanna van Niekerk deel haar storie met koekkleursel en Jik
 Leer hierdie fyner kuns terwyl ons pizza geniet
 Irelandlaan 107, Eldoraigne
 R200 per persoon
 (sluit ete en alle verfmateriaal in)
 Bring 'n voorskoot saam
 Bespreek by Michaela info@zcib.co.za / 072 223 8314
- Gemeente Midstream: Woensdag 14 Augustus vanaf 09:00**
Jaarlikse simposium van die Tydskrif vir Hervormde Teologie (THT)
 Vanjaar val die fokus op Karl Barth
 Predikante, dosente, studente en ander belangstellendes welkom
 Navrae aan dr Elritia le Roux by 072 235 6904 of elritialeroux82@gmail.com
 Of Gemeente Midstream by info.mfk7@gmail.com
- Multisensoriese werkwinkel**
Die uitdaging van prediking in die digitale era
 (Sien *Die Hervormer* van Julie 2019)
Wanneer: 29 Augustus 08:30 tot 16:00
Waar: NHKA Pretoria-Oos
 Vir: 20 VBO-punte
 Aanbieders: Prof Pierre Jordaan en dr Johan Lötter
 Wie: Alle Hervormde predikante
 Koste: Sal later bekendgemaak word

Alle Hervormde predikante word met R250 gesubsideer
Jy kan nie hierdie geleentheid misloop nie!
Navrae: Dr Johan Lötter 071 495 0552 / jlotter@carfone.net

Barmhartigheid

- **Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Krugersdorp.** (Dit sal waardeer word indien predikante hierdie inligting by die afkondigings van hul gemeentes sal insluit.)

Wat behels die pos?

- o U sal optree as versorger vir tot ses wetsbestede seuns.

Wie kan aansoek doen?

- o Persone tussen die ouderdomme van 30 en 55 jaar (verkieslik 'n getroude egpaar maar nie daartoe beperk nie).
- o Persone van ander kerkgroepe met dieselfde Christelike grondslag as die NHKA kan aansoek doen. Die persone sal egter vir die tydperk van hul aanstelling moet inskakel by die betrokke NHKA-gemeente.
- o Persone met 'n goeie aanvoeling vir kinders.
- o Geskikte kandidate moet bereid wees om psigometriese toetse te ondergaan.

Aansoeke sluit op 19 Julie 2019. Benewens 'n maandelikse kontantvergoeding, word gratis inwoning in die DPS-huis by die pakket ingesluit.

Kontak die volgende persone vir meer inligting:

Mnr O (Otto) Viljoen: 012 322 8885 / 079 495 2007 / 060 968 4907 / kinderhuise@nhk.co.za

Mev SL (Suzanne) van Deventer: 066 477 8904 / suzanne@rata.org.za

Mev K (Kotie) van Niekerk: 060 968 4906 / kotie@rata.org.za

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria: die ideale plek vir u aftrede. Pragtige, ruim **drieslaapkamer-woonregwoonstelle** beskikbaar teen R1 164 940 vir afgetredenes. Die wooneenhede is beskikbaar vanaf 1 Augustus 2019, in 'n rustige omgewing naby busroetes en 'n winkelkompleks. Verskeie dienste word op die perseel gelewer, asook sosiale aktiwiteite. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, beskik tans oor **kamerfasiliteite in Riekie Boshoff** teen R3 140 per maand. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
Lewensreg te koop
2-slaapkamer @ R560 000
1½-slaapkamer @ R520 000
1-slaapkamer @ R515 000
Groot tuine om in te ontspan
Geen versorging
Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
012 329 4318 / 084 920 8723



Konserte en feeste

- **Konsert: Deo Gloria Koor**
Sondag 21 Julie om 11:45
NG Kerk Vredefort
Ligte musiek met Carli D'Alebout, Noordwes-kinderkoor en Vredefort Strings
Onder leiding van Erna Rademan en begeleier Marli Krüger
Toegang gratis – donasies welkom

Fondsinsamelings

- **Rata: Drive for a Child Masters**
Dinsdag 20 Augustus by Silver Lakes Buiteklub
Borg 'n putjie teen R2 500
R4 200 vir 'n 4-bal (2 gholfkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
R5 000 vir 'n 4-bal plus putjeborg (2 gholfkarretjies, middag- en aandete ingesluit)
Navrae: 082 081 3213 / info@driveforachild.co.za
www.driveforachild.co.za

Basaars

- **Gemeente Suidoos-Witbank: Basaar**
Vrydag 26 en Saterdag 27 Julie
By die kerk hv Hans Strydom- en Theunis Jansonstraat
(oorkant Midas, Klipfontein)
Watertand basaarpoeding, pannekoek
Pap-en-kaiings en afval soos Ouma dit gemaak het
Kerrie-en-rys, hamburgers, boepensbroodjies, roosterkoek...
Witolifanttafel, teetuin
Kompetisie met kontantpryse R10 000, R5 000 en R2 000
Kaartjies te koop by gemeentekantoor teen R20 elk
Delf Saterdag tussen 09:00 en 12:00 vir 'n prys
Gratis aktiwiteite vir voorskool- en laerskoolkinders
Ouer kinders ding mee in die *Top Gear*-tent: Wie is die vinnigste renjaer?
Navrae: Skakel die gemeentekantoor by 013 697 1457
- **Gemeente Sionspoort: Vleisfees**
Saterdag 3 Augustus
Vanaf 08:00 tot laat by die Tuinhekkie (Elandsvlei)
Vars vleis teen bekostigbare pryse
Baie pret en speletjies vir die kinders
Demonstrasies van skaapskeer, koeimelk, sweepklap, slag, seepmaak, ens
Kom kyk hoe word vee vir die mark voorberei
Skryf jou span in vir 'n toutrekkompetisie
Of geniet net die kuier en heerlike kos
Vermaak deur Ampie, Anton Botha, Tanya V, Evert Swart en baie ander
Skakel 082 364 8576 of besoek *SionspoortVleis* op Facebook
- **Gemeente Montana-Oos: Delwersbasaar**
Saterdag 3 Augustus
By die kerk – Kameeldriftweg, Derdepoort/Kameeldrift-Oos
Kom geniet basaarpoeding, pannekoek, kerrie-en-rys, potjiekos en baie meer
Witolifanttafel, veiling en vermaak
Kom delf vir die kontantpryse R10 000, R5 000 en R2 500
Kaartjies te koop by gemeentekantoor teen R25 elk
Delf Saterdag tussen 09:00 en 12:00 vir 'n prys
Navrae: Jan Muller 083 267 6499 of ds Frikkie van Wyk 083 625 6788

- **Gemeente Ottosdal: Oesfees**
Vrydag 30 en Saterdag 31 Augustus
Vrydagaand: Spitbraai en waenheidsdans in die Boere-uniesaal
R120 per persoon (volwassenes) en R60 per persoon (laerskoolkinders)
Saterdag: Uitstallings en kosstalletjies
Vir die kinders springkasteel, Lazer Tag en meer...
Navrae: rudi.jansevanrensburg@gmail.com

Kommentaar

“Vergun my asseblief die volgende: Ek wil namens mamas, tannies, oumas en sommer alle dames wat omgee, dank uitspreek aan Mari van Wyk vir haar deelname aan hierdie prysenswaardige projek (voorblad, 11 Julie). Soms word die klein dingetjies oorgesien, maar dit is juis daardie *ietsie* wat ’n lewenslange impak op mense se lewens maak. Dankie dat jy ’n verskil maak, Mari.” (Appel Ernst)

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos.** Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir die week

Here, hoe die dinge wat ek vra
deur U voorsien sal word, dit weet ek nie.
Maar dat U sal voorsien, dit glo ek,
want U het dit belowe.
U het my geleer om te bid;
dan sal U mos sekerlik ook na my gebed luister?
Here, dit is nie die verdienstelikheid van my gebed
wat my oortuig dat U sal hoor en antwoord nie,
maar die sekerheid van u trou.

Martin Luther

(Uit: *Die groot gebedeboek*,
Piet Naudé, 2014)